

'N INHOUDSONTLEDINGSTUDIE OOR DIE DEMOGRAFIESE EIENSKAPPE VAN DEELNEMERS AAN DIE BOETMAN-PERSDISKOERS

Elsabé Pepler¹

The Afrikaans Press in South Africa has always devoutly adhered to a historical tradition of restricted press freedom - authoritarian in nature - where deviant opinions were not readily tolerated. On 5 May 2000, this history and tradition were abruptly rewritten with the publication of an Open Letter from well-known journalist Chris Louw to Dr Willem de Klerk on the publication of the latter's book, Afrikaners: Kroes, kras, kordaat (2000). This notorious letter with plenty of swearing words and bitter anger captured the imagination and emotions of hundreds of Afrikaans-speaking newspaper readers, and they entered the debate and discourse with vigour and venom. For the first time, the Afrikaans press completely answered to the calling of a free press by publishing these raw, honest and emotional statements radically different to the prevailing sentiments of the historical Afrikaans press. Facets of more contemporary press theories, such as the democratic participation and the social responsibility theories, now became manifest. In this content analysis study on all the related documents in the discourse from 5 May to 30 July 2000, it was endeavoured to determine the most important demographics of the participants, as well as the main trends which became visible during this recent and important press discourse, which signals a new chapter in the history of the freedom and development of the Afrikaans press.

1. INLEIDING

"Elke demokrasie wat werklik sy sout werd is, moet aan 'n hele aantal vereistes voldoen, maar daar is min van hulle wat so belangrik is soos persvryheid. Dié verspreiding van mag kan egter nie slegs formeel in die staatstruktuur verdiskonter word nie. Dis dalk nog belangriker dat die burgerlike samelewing buite die staatstruktuur 'n rol moet speel, en dis hier waar die belang van 'n vrye pers eenvoudig nie oordryf kan word nie." Dawie, Die Burger: 19 September 1997.

Die Afrikaanse pers was sedert die vroegste jare outokraties en patriargaal ten opsigte van sy beleid. Dit het uiteraard veroorsaak dat daar min demokratiese meningsverwisseling en opposisie in die Afrikaanse pers plaasgevind het. Debat,

¹ Doseent: Mediastudie, Departement Kommunikasie en Inligtingstudie, Universiteit van die Vrystaat.

veral ongesensorde en intens-emosionele woordwisseling het eenvoudig nie verskyn nie, getrou aan die outokratiese persesteorie (Siebert, Peterson en Schramm 1974). Die Engelse pers het tradisioneel die voortou geneem om die sogenaamde apartheidsregime (NP) openlik te opponeer, terwyl die Afrikaanse koerante voor 1990 en selfs nog tot 1994 met die eerste algemene demokratiese verkiesing as "politieke partykoerante" gefunksioneer het en die heersende staatsbestel onder-skryf het.

Tydens 'n "verhoor" van die Waarheids- en Versoeningskommissie oor die Afrikaanse perse se versuim om die wandade van die apartheidstryd oop te vlek, het prof. Arrie de Beer, oud-joernalis en kommunikasiekundige van die Potchefstroomse Universiteit, en mnr. Max du Preez, televisjoernalis en oud-redakteur van die voormalige **Vrye Weekblad**, beide verklaar dat die veel groter hoofstroom Afrikaanse pers oor talle belangrike gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geswyg het. "Net die alternatiewe pers het die media se universele plig nagekom om die publiek behoorlik in te lig", het prof. De Beer gesê (**Beeld** September 1997).

Voor 1990 is bepaalde en sogenaamde "linksgesinde" Afrikaanse politici, skrywers en joernaliste skerp gekritiseer oor hul politieke standpunte in die Afrikaanse pers wanneer dit sou afwyk van die apartheidnorm. Volgens Oosthuizen (1996:70-2) is die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse pers sedert 1800 tot vandag deur bepaalde faktore en neigings gedomineer:

- 'n Voortdurende spanning en konflik tussen regering en die pers.
- Rasse- en taalkwessies en -verskille wat die pers immer verdeel het; en
- die Regering se vrese dat die pers die vrede en sekuriteit van die samelewing of staat kon bedreig.
- Die redakteurs was dikwels Calvinisitese predikante wat nie vir kommersiële doeleindes wou publiseer nie.
- Die groep was eerder kulturele en politiese "kruisvaarders" vir die behoud van Afrikaans en die onafhanklikheid van Afrikaners, en het radikaal standpunt teen die bedreiging in die vorm van Suid-Afrikaanse swartes ingeneem.
- Hulle was toegewy aan Afrika en die rol van Afrikaans (Oosthuizen 1996: 73-5), as sou Afrikaners eksklusieve regte op die land en menseregte hê. Kritiek teen die status quo en die ideologie van Afrikaans en Afrikaners was taboe, en sou die pers wel die norme - wat deur die apartheidsregering opgestel was - oortree het, is hulle vinnig in die bek geruk by wyse van perswetgwing en sensuur.

Gedurende Mei 2000 is hierdie geskiedenis van veral die tradisionele Afrikaanse pers egter eensklaps en dramaties herskryf met die publikasie van 'n sogenaamde Ope Brief van Chris Louw aan dr. Willem de Klerk. Gewone koerantlesers van die belangrikste Afrikaanse dagblaaie het skielik ontpop as woedend-bittere, uitgesproke en dinamiese deelnemers aan 'n hewige debat en diskouers - aspekte wat voorheen ongekende verskynsels in die konvensionele Afrikaanse dagblaaie was.

Verskeie briewe in **Die Burger** het beklemtoon dat die Boetmanbrief een van die belangrikste eietydse dokumente in Afrikaanse politiek en geskiedenis sal word - die reaksie wys immers dat die "gebeure soos donder slaan". Dit verteenwoordig 'n manifestasie van die tipiese neiging na meer kontemporêre persestorieë soos die sosiale verantwoordelikheidsteorie, die demokratiese deelnamesteorie, die demokratiese teorie (McQuail) wat veral in ontwikkelende en transformerende lande behoort voor te kom, en die kultiveringsteorie. Die onderliggende beskouing aan hierdie kontemporêre modelle en teorieë is dat die inhoud van die pers hoofsaaklik deur die mense op voetsoolvak bepaal moet word, eerder as deur die regeerders van die dag.

Daar is in hierdie navorsingstudie inhoudsontleiding gedoen van die beriggewing en publikasies wat in die dagblaaie **Beeld**, **Die Burger** en **Die Volksblad** (Nasmedia-koerante) met betrekking tot dr. De Klerk se boek **Afrikaners: Kroes, kras kordaat**, en mn. Chris Louw (alias Boetman) se reaksie daarop, sowel as al die daaropvolgende beriggewing en publikasies.

2. AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Dr. Willem de Klerk, bekende skrywer, en voormalige joernalis, redakteur, predikant en sielkundige, se boek **Afrikaner: Kroes, kras, kordaat** is gedurende April 2000 gepubliseer. Prof. George Claassen van die joernalistiese departement aan die Universiteit Stellenbosch het profeties op die agterblad voorspel dat die inhoud "'n hewige polemiek sal begin en beslis gaan oplaai maak. Dit wemel van uitsprake wat Afrikaners se siening, ses jaar nadat hulle die mag aan die ANC moes afstaan, skerp onder die soeklig plaas" - 'n voorspelling wat inderdaad kort op die hakke van die publikasie van die boek in die felste vorm denkbaar in die dagblaaie van Nasmedia en selfs ander populêre inedia, soos die verhoog, gerealiseer het.

Chris Louw, regisseur van **Monitor** en **Spektrum** op die SABC se radio sonder grense, het verklaar dat hy, nadat hy die boek gelees het, "gaan sit het om sy gedagtes en emosies op papier en in briefform vas te lê". (Chris Louw tydens "Oop gesprek", radio sonder grense (SABC), Sondag 21 Mei 2000, 20:30.) Louw het dit aan **Beeld** voorgelê, en **Beeld** het dit vervolgens in gerедigeerde vorm by

wyse van 'n ope brief aan dr. De Klerk op die koerant se hoofblad gepubliseer. Hiermee het die Afrikaner en Afrikaanssprekende koerantleser, volgens Etienne van Heerden, tot die "genre van die straatvegter toegetree".

Op 5 Mei 2000 het die Afrikaanse dagbladpers 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van vryheid van spraak betree met die landing van "stormvoël" Chris Louw, alias Boetman. Peet Kruger het in **Beeld** (Vrydag 12 Mei 2000:12) gesê dat die pers met die publikasie van hierdie brief en al die daaropvolgende reaksie, 'n "markplein" geword het waar gedagtes en emosies uitgeruil word, maar "'n markplein kan natuurlik 'n morsige plek raak, tot die ekstase maar ook konsternasie van vele"! Die Afrikaanse pers was selfs in oningeligte mense se oë nie huis 'n uitmuntende voorbeeld van die tradisie van debat soos dit bv. in die Engelse en Amerikaanse pers plaasvind nie.

Louw se brief met die gekruide en krasse woordinhoud - nóg 'n Rubicon wat in die Afrikaanse pers oorgesteek is waar blatante en kru vloekwoorde selde voorheen gebruik is - en emosionele intensiteit was vir die meeste lesers 'n kwessie van jy's-dol-daaroor of jy-haat-dit. Die brief was só in aanvraag dat dit binne enkele weke in boekvorm deur Praag uitgegee is, en die diskouers is in die vorm van 'n "volksdrama" deur Pieter Fourie by die Aardklop-fees (2000) te Potchefstroom op die planke gebring. Teen Junie 2001 het hierdie opvoering soveel opspraak verwek dat dit in Augustus 2001 opgevoer sou word in Nederland, België, Duitsland en Londen.

Al drie die susterskoerante (**Beeld**, **Die Burger** en **Die Volksblad**) van Nasmedia het die brief gepubliseer. Reaksie het begin instroom - sommige vír Louw, met gelukwensinge, bedankings en simpatiebetyuings; ander in baie eksplisiële afkeur teenoor beide Louw se houding sowel as sy krasse taalgebruik - en kritiek teen **Beeld** oor hulle oordeel het nie agterweë gebly nie.

Beeld is grotendeels geloof en geprys vir die dapper stap om die pers vir hierdie kwessie oop te gooí en sodoende 'n nuwe gesprek in Afrikanerdom oor hul verlede en toekoms te begin. Selfs enkele Engelse koerante soos die **Mail & Guardian** en **Sowetan** het gefassineerd bespiegel oor die betekenis van hierdie "profeet" Chris Louw, en watter wendings dit vir die toekoms van Afrikaners in Suid-Afrika sou inhoud. Een skrywer in **Die Volksblad** het dit kortweg saamgevat: "Die Boetman-rebellie laat 'n mens huil, lag, wonder, en maak jou dik die josie in."

3. NAVORSINGSDOELOWITTE

Die oogmerk van hierdie studie was hoofsaaklik om die belangrikste inhoudelike sentimente, standpunte en emosies van die deelnemers aan die De Klerk-Louw-diskoers te identifiseer. Indien bepaal kon word oor welke kwessies hierdie debat of diskoers werkelik gehandel het, kon die data 'n aanduiding verskaf van die sake wat in die deelnemers - wat waarskynlik as verteenwoordigend van die deursnee-Afrikaner beskou kan word - se gemoeidere woed.

Indien daar boonop 'n demografiese profiel van die deursnee-deelnemer bepaal kon word, sou daar besliste tendense na vore tree, wat die navorsing in staat sou stel om bepaalde gevolgtrekings oor hierdie krities-belangrike hoofstuk in die Afrikanergeskiedenis en die Afrikaanse pers te maak.

Die primêre doelwit van die navorsing was daarop gerig om 'n demografiese ontleding en profilsamestelling van die deelnemers aan die debat te doen (ongeag die kategorie/genre van publikasie), en te bepaal aan welke gemeenskaplike eienskappe, kenmerke of kriteria hierdie tipiese deelnemers voldoen het, indien enige.

Sekondêre doelwitte het verwys na ondersoeke ten opsigte van die volgende kategorieë:

- Ouderdomskategorieë van die skrywers van briewe (indien afleibaar uit die naam of inhoud van die brief).
- Identifikasie van spesifieke emosionele inhoud/trefwoorde wat in die skrywes rondom die debat gemanifesteer het, soos "woede", "bitterheid", "trauma", "hartseer", "post-traumatische stres" ens.
- Gesindheid van die deelnemers.
- Geslag van die deelnemers.
- In welke provinsies die deelnemers hoofsaaklik gesetel is.
- Of die deelnemers aan die debat primêr stedelik of landelik is; en
- of die deelnemers geneig is tot onthulling van hul werkelike identiteit of eerder skuilname gebruik het vir hulle skrywes. (Die feit dat die inhoud van die briewe uiters emosioneel en intens was, kon 'n verwagting skep dat mense moontlik verleë of versigtig sou wees om hul werkelike identiteit te onthul).

4. INHOUDSONTLEDING AS NAVORSINGSMETODE IN DIE GEDRAGS- EN SOSIALE WETENSKAPPE EN MEDIASTUDIES

4.1 Definiëring en afbakening van inhoudsontleding

Moderne inhoudsontleding het sy oorsprong in Wêreldoorlog II gehad, toe die Geallieerde Intelligensie-eenhede die aantal en soorte populêre liedjies wat herhaaldelik oor die radio en op vinielplate gespeel is, gemoniteer het ten einde mobilisasiebewegings en die nuoraal van die vyand te probeer bepaal.

.Daar bestaan talte definisies van inhoudsontleding. Kerlinger (1986, in Wimmer & Dominick 2000:135) beskryf dit as 'n metode om kommunikasie of boodskappe of inhoud op 'n sistematiese, objektiewe en kwantitatiewe wyse te bestudeer en te ontleed vir die doeleindes van veranderlike-meting. Dit word dikwels aangewend om die kenmerke van 'n gegewe onderwerp te katalogiseer, sodat dit opsommend beskou kan word as beskrywende navorsing en statistiek. Dit is veral doeltreffend om gemeenskaps- en samelewingsveranderinge en verskuiwings te bestudeer, sê Kerlinger.

Die gebruik van inhoudsontleding ten einde vertrekpunte vir bespreking of opvolgende studies te genereer, is relatief nuut, en staan bekend as kwekingsanalise ("cultivation analysis") waarvolgens die dominante boodskap en tema van die betrokke media-inhoud sistematies gedokumenteer word, ten einde te bepaal of hierdie temas aan bepaalde kriteria en patronen voldoen (Wimmer & Dominick 2000:138). Een van die bekendste kundiges op hierdie gebied, Holsti, verklaar: "Broadly defined, however, content analysis is any technique for making inferences by systematically and objectively identifying special characteristics of message" (Holsti 1968:608). Cassell en Symon omskryf dit as 'n kwasi-statistiese metode waarvolgens tekste tot kwantitatiewe data ontleed en verwerk word. Enkele eenhede - woorde, frases of temas - word gekategoriseer. Die metode het sy oorsprong in die logies-positivistiese tradisie gevind, en is gefokus op hipotese-toetsing en veralgemening as vertrekpunte (1994:26).

Krippendorff (1980:21) beskou dit as 'n navorsingstegniek om geldige gevolgtrekkings van data tot die konteks te maak, terwyl Berelson, wat deur baie navorsers as die "vader" van inhoudsontleding beskou word, dit benader as 'n navorsingstegniek vir die objektiewe, sistematiese en kwantitatiewe beskrywing van die onmiskenbare inhoud van kommunikasie (1952:18).

Fiske (1982:119) het geskryf dat inhoudsontleding ontwerp en ontwikkel is om objektiewe, meetbare, bewysbare weergawes van die duidelike inhoud van (media-) boodskappe te produseer, ten einde 'n aanduiding van die betekenis te verskaf. Die voordeel, sê Fiske, is dat dit die beste op groot skaal werk: "...the more it has to deal with, the more accurate it is".

Gerbner (in Fiske 1982:25-31) het 'n belangrike opmerking ten opsigte van hierdie bepaalde studie gemaak: die een van "media-kultivering", waar die media houdings en waardes in 'n kultuur skep en laat gedy. Waarskynlik word dit in talle gevalle nie deur die media geskep nie, maar die media voed, propageer en help die betrokke kultuur om standhoudend te bly en verwante waardes te versprei, en om dan die lede (lesers) met 'n gedeelde konsensus en intersubjektiwiteit saam te bind.

4.2 Doelwitte van inhoudsontleding

Inhoudsontleding kan vir talle doeleindes aangewend word, en die volgende lys van Berelson (in Krippendorff 1980:34) dui slegs op die belangrikste doelwitte:

- Bepaling van die sielkundige (psigologiese) stand of staat van persone of groepe.
- Identifisering van die intensies en ander kenmerke van die kommunikator/s.
- Onthulling van die fokus van aandag van 'n individu, groep, instelling of gemeenskap.
- Reflektering van kulturele patronen van groepe, instellings of gemeenskappe ;
- Beskrywing van neigings t.o.v. kommunikasie-inhoud.
- Onthulling van internasionale (en selfs nasionale) verskille in kommunikasie-inhoud.
- Ondersoeke na vlakke of bestaan van propaganda; en
- beskrywing van houdings en gedragsresponse op kommunikasie ;

Inhoudsontleding, sê Gordon (1975), kan natuurlik op alle vorme van kommunikasie toegepas word, maar dit is primêr gebore uit en ontwikkel vir die wêreld van gedrukte boodskappe soos koerante. "Obviously, however, the most significant and meaningful analysis of printed materials - in short, the press - in any society lies in the analysis of their functions and influence within that society" (82).

4.3 Inhoudsontleding: kwantitatiewe of kwalitatiewe navorsing?

Een van die mees aktuele vraagstukke en debatte onder gebruikers van inhoudsontleding is of die ontleding/navorsing kwantitatief of kwalitatief van aard is of behoort te wees. 'n Navorsing soos Berelson stel voor dat inhoudsontleding objektief, sistematies en kwantitatief is, terwyl Sellitz verklaar dat beklemtoning van die kwantitatiewe aspekte die **procedure** van ontleding eerder as die karakter, aard en kenmerke van die data onder die soeklig ondersoek (Berg 1989:175).

Ander navorsers in die inhoudsontledingsdissiplines, bv. Smith (Berg 1989), stel voor dat dit 'n mengsel van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe ontleding moet wees: kwantitatiewe ontleding verwys na **durasie en frekwensie van formaat**, terwyl kwalitatiewe ontleding die **vorms en patronen van die vorms** ondersoek. Abrahamson, 'n meer eietydse navorsing, stel voor dat inhoudsontleding aangewend kan word om enige vorm of soort kommunikasie/boodskap te ontleed, en daarom kan dit kwantitatiewe of kwalitatiewe aspekte ondersoek (Berg 1989:175).

Maykut & Morehouse (1994:27) beskryf kwalitatiewe navorsing en die kwalitatiewe navorsing as volg: "While information gathering and interpretation of information is the task of all research, one of the fundamental differences between traditional research and qualitative research concerns the methods and tools for the collection and analysis of data. ...The qualitative inquirer looks to indwelling as a posture and to the **human-as-instrument** for the collection and analysis of data. It is descriptive, and its objective is to identify or define a situation." Hieruit kan afgelei word dat inhoudsontleding inderdaad 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing is.

5. DIE AFRIKANER-SENTIMENTE AS NAVORSINGSFOKUS

"At various times in human history, public discussion and debate of important issues has been a crucial mode of solving or contributing to the solution of the problems faced by human societies. In the English-speaking countries in modern times public discourse has accompanied political and social change; public argument is a part of the Anglo-American tradition" (Andrews 1983:9).

5.1 Dr. Willem de Klerk: *Afrikaner - Kroes, kras, kordaat*

Samevattend sê dr. De Klerk van sy boek se inhoud: "Hoe lyk Afrikaners vandag? *Afrikaners: kroes, kras, kordaat* bekyk hulle met 'n vergrootglas en 'n verkyker. Die boek is gerig aan alle Afrikaners, oud en jonk. Dit is ook en veral 'n pleidooi by die jonger geslag om hulle te naelstring in Afrikaner-wees, perspektief te kry op die verlede, en te bou aan die nuwe toekoms van die Afrikaanse gemeenskap. *Afrikaners: kroes, kras, kordaat* wil die weg aandui tot vernuwing vir die volgende fase in die Afrikanergeskiedenis." (De Klerk 2000:agterblad.)

Inderdaad het die boek op 'n wyse wat niemand voorsien het nie, 'n geskiedkundige persdiskoers en debat onder Afrikaners oopgeruk soos nie voorheen in die Afrikaanse pers gesien is nie. Verwysende na die aanhaling van Andrews hierbo, het die Afrikaanse pers ook oplaas 'n medium geword vir openbare diskoers wat politieke en sosiale verandering by wyse van persdebatte en -argumente kan inlui.

5.2 Wie en vanwaar is die rebel genaamd Boetman?

Boetman se brief was gekenmerk deur baie emosies, veral woede - met talle kragwoorde om ekstra slaankrag aan die inhoud te verleen. "Ek is die bliksem in, en ek is jammer, maar vat gaan ek dit nie meer vat nie - van niemand nie", het Boetman verklaar.

Die naam "Boetman" is aangeneem in verwysing na 'n paternalistiese opmerking deur dr. De Klerk teenoor Louw, meer as twee dekades gelede in die koerantgange waar beide werksaam was. Hierdie neerbuigende aanspreekvorm het nie in kwaii-Chris se klere gaan sit nie. Twee dekades later ontketen hy 'n storm in Afrikaanse en Afrikaner-geledere met sy uitleatings, veral oor die sogenaamde paternalistiese en leuenagtige bedrog van die vorige regering. Hierdie enkele manifestasie van woede het spoedig in 'n getygolf ontaard wat getuig het van 'n baie diep verontwaardiging oor neerbuigende en paternalistiese optrede in die algemeen.

Lambley maak drie opmerkings ten opsigte van rebellie:

- In die politiese sin beteken dit 'n reaksie of opstand teen die status quo.
- In die biologiese sin beteken rebellie 'n integrale deel van oorlewing, veral met verwysing na die "survival of the fittest".
- In psigologiese-sosiale sin beteken dit 'n kreatiewe vestiging van jou eie persoonlikheid. "If the ability to rebel is part of surviving, it follows that there is a good chance that coping with midlife changes will involve having to rebel in one way or another in order to respond effectively to the challenges that come up" (1995:19).

6. NAVORSINGSONTWERP

6.1 Meetinstrument

Die hoofsaaklike fases of stappe van inhoudsontleiding as ontledingsinstrument en -tegniek bestaan volgens Wimmer en Dominick (2000) uit 'n definitiewe raamwerk waartydens die aanvanklike en preliminêre stappe maklik gekombineer en geïntegreer kan word, nl.:

1. Formulering van die navorsingsvraag/vrae en/of hipotese.
2. Definiëring van die ondersoekpopulasie.
3. Seleksie van 'n toepaslike steekproef.
4. Seleksie en definiëring van eenhede vir analise.
5. Konstruksie van kategorieë vir analise.
6. Vestiging van 'n kwantifiseringstelsel.
7. Kodering van die inhoud volgens kriteria en kategorieë.
8. Analisering van die ingesamelde data.
9. Maak gevolgtrekkings en identifiseer neigings en betekenisvolle aanduidings. (2000:140.).

6.2 Formulering van die navorsingshipotese en -doelwitte

In die loop van die Boetman-De Klerk-diskoers was daar 'n groot persentasie lezers, joernaliste en meningsvormers wat Nasmedia en veral **Beeld** geloof het vir die stap wat hulle gedoen het om hierdie debat in die koerant te laat afspeel en die koerant sodoende te omskep in 'n "markplein waar idees gewissel kan word", aldus Peet Kruger van **Beeld**.

Die volgende vrae is veral geopper nadat die ergste stof na hierdie diskouers gaan lê het: was hierdie emosionele debat in die pers oor die Afrikaner se verlede, hede of toekoms? Boonop is daar herhaaldelik gevra: is so 'n emosionele diskouers en uitbarsting, veral in die pers, 'n positiewe of negatiewe verskynsel en neiging? En miskien die belangrikste: wat sê dit van die huidige status quo van die Afrikaner en Afrikaanssprekende segmente van die Suid-Afrikaanse volk aan die suidpunt van Afrika? Wie was die deelnemers aan hierdie persdebat wat selfs internasionaal die verbeelding aangegegryp en gewone mense gemobiliseer het?

6.3 Definiëring van die ondersoekpopulasie (universum)

Vir hierdie studie is alle artikels, kommentaar en brieve in die drie susterskoerante (**Beeld**, **Die Burger**, **Die Volksblad**) gemoniteer met behulp van die Nasmedia-argief op die Internet. Twee afsonderlike soektogg-resultate vir alle publikasies met die trefwoorde "Boetman" of "Chris Louw" is in ag geneem. Daar is ook daaglik op die internet-tuisblad van elkeen van die koerante na enige verwante beriggewing, reaksie en brieve gesoek.

6.4 Steekproef

Die Naspers-argief is gedurende 5 Mei tot 30 Julie 2000 daaglik gemoniteer vir enige nuwe publikasies (onder die trefwoorde "Boetman", "Chris Louw" en "Willem de Klerk"). Alle brieve, berigte, kommentaar en hoofartikels is in aanmerking geneem vir die studie by wyse van drukstukke.

6.5 Eenhede van ontleding

'n Eenheid is die kleinste element van inhoudsontleding maar waarskynlik ook een van die belangrikste (Wimner & Dominick 2000:143). Alle publikasies wat in die dagbladpers van Nasmedia verskyn het, het in hierdie studie die grootste eenheid van studie gevorm ongeag die aard van die publikasie (berig, kommentaar, rubriek of artikel).

6.6 Kategorieë van ontleding

Die volgende kategorieë is vir doeleindes van die inhoudsontleding gedefinieer en afgebaken:

- Opskrif/titel van die publikasie-item (met datum).
- Naam van die skrywer/deelnemer.
- Geslag van die skrywer/deelnemer (indien bepaalbaar).
- Ouderdom van die skrywer/deelnemer (indien bepaalbaar).
- Plek van askoms.
- Stedelik of plattelands.
- Sentiment (neiging) t.o.v. Boetman, De Klerk en die diskloers (m.a.w. pro-Boetman of pro-De Klerk, anti-Boetman of anti-De Klerk, pro-Beeld en debat, of anti-Beeld en debat, of neutraal).
- Hoofsaaklike genre van die berig/kommentaar/artikel/rubriek/brief; en
- belangrikste trefwoorde, bv. woede, katarsis, leed, rou, pyn, vergifnis.

6.7 Vestiging van kwantifiseringsisteem

In alle gevalle het elke berig en oueur daarvan vir een item/eenheid getel. Waar die inhoud baie wolkerig en ambivalent was, is meer as een tema/onderwerp per item aangeteken. Daar is gekonsentreer op bepaalde trefwoorde wat 'n spesifieke tendens ten opsigte van die emosionele en psigiese stand van die deelnemers kon aandui (bv. katarsis, post-traumatische stresversteuring, rou, leed, pyn, wroeging, woede, die-bliksem-in, ens.), en tydens ekplorasie van hierdie kategorie was daar 'n spoedige versadigingspunt.

7. BESPREKING EN INTEPRETASIE VAN GEKODEERDE NAVORSINGSDATA

Beeld het vanaf die publikasie van die Boetman-brief 152 briewe, berigte en rubriek tot en met 30 Julie 2000 geplaas. Die reaksie in die suide in **Die Burger** was ietwat kleiner, maar het steeds 93 publikasies binne dieselfde tyd opgelewer. In die Vrystaat het **Die Volksblad** 50 dokumente gepubliseer.

7.1 Temas en onderwerpe: Waaroor is die Afrikaanssprekendes so onstuimig?

Die hou-jou-bek-dae is *finis*. Dit het die meerderheid van die deelnemers in die Boetmansage kategorieën en pront verklaar! Die heilige koeie moet nou vir eens en vir altyd geslag word. Die gekruide woede wat met Louw se "kragtoer" (**Die Burger**) en "bebliksemde brief 'n ryk aar oopgeskiet het" en "water raakgeboor het" (**Beeld**), moet hanteer word by wyse van 'n terapeutiese gesprek wat nou aan die gang moet kom, het die skrywers gereken - met Boetman en Beeld aan die voorpunt.

Die primêre taak was om bepaalde denklyne en kernwoorde te identifiseer wat as deurlopende temas voorgekom het. Wat was die sogenaamde heilige koeie? Waaroor moet die terapeutiese gesprek huis handel? Is die intensiteit van die katarsis gesetel in die verlede, hede of toekoms? Handel dit hoofsaaklik oor gevoelens - emosionele standpunte of denkinhoude - en dus merendeels rasionele argumente?

Die "onheilige" drie-eenheid en apartheid

Soos hierdie onderskeie groepe gekasty is, wil 'n mens amper verwys na die "onheilige drie-eenheid" in die vorm van die Kerk, Staat en Broederbond (oftewel die predikante, politici en regering - die "Christelik-Nasionales"!). Die meerderheid brieve, kommentaar en artikels oor dié aspek het hierop neergekom: die Afrikaners en Afrikaanses - veral die wit mans - voel dat hulle as kiesers geïgnoreer is. Die politici en predikante was kop in een mus om mekaar te verryk.

Verskeie lezers het opgemerk dat die Kommuniste se breinspoeltegnieke mak was teen dié van die sogenaamde apartheidsregering. Die deursnee-Suid-Afrikaner was in ieder geval so deur propaganda geïndoktrineer, dat niemand helder kon dink nie (3 brieve). "Die 'Groter Saak' was al wat van belang was vir ons pionmalle regering" - die mense vir wie Chris en sy geslag moes potte was en die leuens in stand moes hou. En om alles te kroon, het die Kerk nou nog nie vir die breinspoeling om verskoning gevra nie, is bygevoeg.

- **Die grensoorlog**

Die grensoorlog het herhaaldelik opgedui in brieve, wat tegelyk so tragies en ontstellend was dat geen leser onbetrokke kon bly nie. Een Ma het vertel dat al drie haar seuns – een op die grens, een in 'n botsing met 'n swart taxi en een in 'n motorkaping – dood is. Dié land, het sy gesê, het al drie haar seuns geëis, sonder dat enige iets ten goede verander het... 'n Ander manlike briefskrywer het twee van sy broers op die grens tydens die Bosoorlog verloor. Die post-traumatisse leed, wroeginge en ellende is vergelyk met Viëtnam, Sierra Leone, en die Tweede Wêreldoorlog.

- **Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK), katarsis en terapie/terapeutiese gesprek**

Dat Louw se brief die begin kon wees van 'n terapeutiese gesprek, was klinkklaar. Dosyne brieve het die mening gelug dat die bewegings van Chris Louw en Rian Malan wat voorheen die woede en frustrasie van wit mans verwoord het, momentum moet kry. Heelwat vergelykings tussen die Boetman-debat en die WVK is getref. Die polemiek word gesien as die Afrikaner se eie Waarheids- en Versoeningskommissie, waar die "bekhou-kultuur" nou ontbloot is.

- **Vroue, feministiese kwessies, huisvrouuskap**

Met Landman se rapsende antwoord, dr. Rina Venter se rationele artikel en Annesu de Vos se wroegende brief aan Louw het vrouens toenemend van hulle laat hoor. Hoewel die vroulike debatsdeelnemers minder was, het die tema van die Afrikanervrou se lyding wel 'n gesonde porsie aandag gekry. Dis kaalkop gestel dat Sus ook beroof en verkrag voel, maar dat haar woede nou eers perspektief kry as gevolg van marginalisering (**Beeld** en **Die Burger**). Die marginalisering van vroue was polities, sosiaal en ekonomies. Mans is kaalkop daarvan beskuldig dat hulle vroue (steeds) misbruik.

- **Regstellende aksie en die nuwe regime**

Dat regstellende aksie, waarvan heelwat skrywers hulself reeds as slagoffers beleef, nie sommer net in die Afrikaners se klere gaan sit nie, is glashelder. Een leser het onbeskaamd verklaar dat "baie van ons nou potte skuur om te oorleef". Een pleidooi het gevra dat die "wittes se lyding" erken moet word deur die ANC, want nou is die voormalige slagoffers (swart mense) en die blankes wat ly onder skuldgevoelens oor apartheid, gemeenskaplike slagoffers van die apartheidsgeskiedenis.

- **Die kleurlingkwessie**

Verskeie briewe by **Beeld** (drie) het die kleurlinge se gekrenkte standpunte opgehaal: gekleurde Afrikaanses was net so verraai, en bruin mense moet benewens die politieke bevryding, nog ekonomies ook bevry word. Daarbenewens het heelwat briewe die deelnemers en lesers aangespoor om hulle in te dink tot watter mate swart mense misken is - dat óns nou maar bloot ervaar wat hulle beleef het.

- **Minderheids- en Afrikanerregte**

Die blanke en Afrikaners se minderheidsregte is in hierdie debat prominent op die tafel gesit. Selfbeskikking en lojale verset is as medisyne vir die "geestelike kastrasicie" voorgestel. Hoewel die volk hartseer voel, het hulle genoeg gehad van skuld en ander-wang-draai, en voel hulle verlig oor die "waarheid van Boetman wat vry maak".

- **Die opvoering en radiogesprekke**

Die feitelike berigte het aandag geskenk aan die opvoering van Pieter Fourie se volksdrama rondom Boetman by die komende Aardklopfees. In die Wes-Kaap het verskeie radiogesprekke met kleurlingleiers die soeklig op die kleurling se plek in hierdie debat gefokus.

- **Die anti-Boetmanners**

Die anti-Boetmanners was ten sterkste gekant teen Boetman se selfopgelegde martelaarskap, sy taalgebruik, sy defeatisme en kritiek. Hy is uiteindelik geëtiketteer as "verknogte verraaijer" en "tranerige broekvuilmaker wat nou veg en wonde lek" (*Beeld*, 19 briewe en dokumente). Hoewel die vorige regering die blankes uitverkoop het, word Louw as kortsigtig beskou omdat hy die vorige geslag se tegnologiese ekonomiese ontwikkeling en bydraes misken. In *Die Volksblad* het een briefskrywer ongeduldig geëis dat die Boetmanne "hulle bliksems moet bêre en begin bid, bou en boer".

- **Die vredemakers, katalisators en versoeners**

Die positiewe insette van die vredemakers, katalisators, en gematigdes het herhaaldelik gepleit vir sinvolle bydraes; dat die Afrikaners as minderheidsgroep iets moet doen om Suid-Afrika se probleme op te los. Daar is gepleit dat ons met ons woede kan omgaan, maar dat geloof, hoop en liefde behou moet word. Die Afrikaners moet "Afrika se hande" vat en kyk na die komende geslagte se toekoms. Enkeles was brutal uitgesproke oor huile "die gesanik nie meer kan staan nie", dat die "borsskoonmaak goed was maar moet end kry" en dat ons moet ophou "pyn". Begin iets doen, kyk vorentoe, wees dankbaar en hou op kla. Dit was die essensie van hierdie groep se bydraes. Laastens is pertinent opgemerk dat almal die Afrikaner al vergewe het, behalwe die Afrikaner self, wat nog steeds met 'n slagoffer-kompleks rondloop.

- **Gruwels, woede en swere**

Die diskouers is 'n "werkroep vir herlewing, 'n proses van loskom oor skuld". Die gruwels van die verlede moet reguit gepraat word, veral die verspeelde geleenthede, is gesê. Die Boetmandebat kan ons geskiedenis regstel, was die gevoel. Die skryf van die veelbesproke brief en die reaksie was 'n belangrike proses van heling; 'n "terapie van die geheue" (agt briewe in *Beeld*). "Danksy Boetman en Landman wat my diepste gevoelens verwoord het, kan ek laat los en begin leef", het 'n brief in *Die Volksblad* gelui.

7.2 Geslag: Wie is die kwaadste van die manne en vroue?

Die persentasie vroulike deelnemers by die onderskeie koerante was as volg: **Beeld** 22%, **Die Burger** 15% en **Die Volksblad** 22%, teenoor die manlike skrywers wat by **Beeld** 65%, **Die Burger** 69% en **Die Volksblad** 64% van die totale prentjie vorm. By **Beeld** was skuilname 'n rariteit; by **Die Volksblad** veel meer algemeen. Die Vrystaters huiwer nog om hulself uit te spreek! (Afwesige persentasies word verklaar deur brieve waar slegs voorletters of vae skuilname deur die skrywers gebruik is en selfs die inhoud nie die geslag onthul nie.)

Drie vroue het egter met hulle toetrede tot die emosionele polemiek feitlik net soveel reaksie as Boetman ontketen:

- Christina Landman, wat vir Chris Louw aangevat het en beweer het dat vroue, wat die fort moes hou terwyl die oorlog aan die gang was, meer gely het as die Boetmanne;
- dr. Rina Venter met haar bedaarde en baie rasionele pleidooi vir nugterheid en politieke volwassenheid; en
- voormalige tiener-digteres, Annesu de Vos vanuit Kanada, in haar eie ope brief aan Chris, met die beskuldiging dat hy wel bewus was van al die "wandade" maar heerlik daarmee saamgeleef het.

7.3 Ouderdom: Watter generasie wroeg so?

Wat die ouderdomme van die deelnemers betref, was dit in baie gevalle wel moontlik om 'n afleiding te maak oor die kategorie waarbinne die skrywer hom- of haarself bevind. Die meerderheid het óf uitdruklik te kenne gegee hoe oud hulle is, óf dit implisiet gestel by wyse van verwysings soos "Chris se geslag" of "ma van seuns wat diensplig gedoen het", of "bejaarde", of "skoolleerling/student". Talle skrywers het pertinent hulle ouerdom vermeld, waarskynlik huis omdat die debat sterk verband hou met 'n bepaalde geslag se belewenis van die geskiedenis.

Dis opvallend dat veral by **Beeld**, heelwat skrywers in die kategorie tussen 40 en 50 jaar gevval het. By **Beeld** was hierdie groep lesers 31%, **Die Volksblad** 16% en **Die Burger** 38%. Een afleiding mag wees dat hierdie persone hulself in sielkundige terme in 'n sogenaamde "middeljare-krisis" bevind, waar bestaande en tradisionele waardes as uitgedien beleef word. Die persoon besef dat hy of sy in die jare wat oor is, die werklike waardes wat hulle aanhang, moet begin uitleef. Die woede en ontnugtering is reeds latent, en om 'n geldige en legitieme gevegskryt soos dié van Boetman te betree, is dalk simptomaties van heelwat ander wroegings en worstelinge.

Die "ouer" lesers (50 jaar en ouer, tot selfs een tagtigjarige en 'n ander "tandlose"!) is onderskeidelik 15% by **Beeld**, 18% by **Die Burger** en 24% in die geval van **Die Volksblad**. Heelwat van die verontwaardigde jonger garde het gepleit dat die debat gelaat moet word - die jong mense het apartheid vergeet en wil aangaan om die nuwe Suid-Afrika 'n leefbare land te maak, soos "RAU-student" en "hoërskool-Boetman" beklemtoon het.

7.4 Geografiese verspreiding: Waar bevind die woedendes hulself?

By **Beeld** was 71% van die skrywers stedelik en 14% landelik. In **Die Burger** het 53% vanuit stede geskryf en 40% was plattelanders. By **Die Volksblad** het 26% plattelanders hulle stemme laat hoor teenoor die 58% stedelinge. (Weer eens was die plek van oorsprong in enkele gevalle onduidelik, wat die afwesige persentasies verklaar.)

En wat van die interessante plekke en soetklinkende name waarvandaan plattelandse stuiwers in die armbeurs gegooi is: Rustdal, Phillipolis, Vanderkloof, De Wildt en Boggomsbaai, Orania, Lindley en Uitenhage. Waar is die oorsese lesers van die Nasmedia-dagblaaie gevestig? Hulle bly in Georgia en Griekeland, Canberra, Windhoek en Kokanje, Tanzanië en Texas, Kalifornië en Cambridge, Nieu-Seeland en New Jersey.

7.5 Trefwoorde en taalgebruik: Wat vertel die mees algemene woorde en frases van die Afrikaner-psige?

Indien die mees algemene trefwoorde opgesom word, is dit glashelder dat die psige van die Afrikaanse dagbladleser - Afrikaners? - troebel is. Hulle is kwaad, verbitterd, vernederd. Hulle voel bowenal bedrieg, bevark, belieg en ingeloop, veral deur die sogenaamde "apartheidsregering" van die De Klerks, maar ook ten opsigte van die grensoorlog, regstellende aksie, die nuwe swart elite en selfs feministe en die huidige transformasie. Die frekwensie van intense emosionele beskrywings was baie hoog. Wat vlak gelê het, is woorde soos katarsis, pyn, lyding, rou, treur, verbittering, dood, trauma, post-traumatische stres, depressie, leed en woede. Op die oog af het dit gelyk asof pessimisme die oorhand kry oor hoopvolheid, optimisme en moed vir die toekoms in die reeds geykte "nuwe Suid-Afrika". 'n Kwessie wat bepaald deur die Boetman-brief en repliek aangevuur en op die agenda geplaas is, is die politiek rondom die diensplig-kwessie wat soveel bittere opmerkings in briewe ontlok het en talle Suid-Afrikaners warm laat word om die boordjie!

Van die trefwoorde wat die meeste herhaal is, word in die volgende tabel saamgevat:

Woord	Beeld	Burger	Volksblad	Totaal
Boetman	38	38	35	111
Apartheid	17	25	23	65
Bliksem in	20	17	5	42
Debat, polemiek	17	18	20	55
Afrikaner	20	10	23	53
Kataarsis	15	4	1	20
Woede	11	7	8	26
Propaganda, breinspoeling	7	5	4	16
Regstellende aksie	5	3	4	12

Die taalgebruik van die deelnemers - spesifiek die menings van die algemene lezers in die vorm van briewe - het 'n eie fassinerende verhaal van die rykheid van Afrikaans vertel. Die lezers het Afrikaans gebruik om te baklei, te wroeg, te beskuldig, te pleit en te verwyt en rou. Baie min van die briewe het egter nie van uitstekende taalbeheer, woordrykheid en die vermoë om hulself emosioneel in baie oorspronklike Afrikaans uit te druk, getuig nie.

7.6 Neigings t.o.v. hoofrolspelers: Vir of teen Boetman, pro- of anti-De Klerk?

Sekerlik een van die belangrikste vrae: wat was die lesershouding oor die aanleentheid? Die kategorieë kon nie beperk word tot die pro- en anti-Boetmanners nie, omdat verskeie van die daaropvolgende reaksies, soos Christina Landman en Annesu de Vos se briewe, ook elkeen 'n woordoorlog in die kleine ontketen het. Dosyne briewe was ook sommer net 'n irrasionele tirade oor enige iets wat pla: die toestand van ons paaie, die hoë belasting, regstellende aksie, die leuens van die kerk en ons "Monopoly-geld". Die reaksies ten opsigte van die "hoofakteurs" was as volg:

	Pro-Boetman	Anti-Boetman	Pro-de Klerk	Anti-de Klerk	Pro-debat (en lof vir koerante)	Anti-debat (en kritiek teen koerante)
Beeld	41%	18%	1%	8%	13%	2%
Die Burger	36%	36%	0%	2%	5%	1%
Die Volksblad	16%	34%	0%	2%	8%	0%

7.7 Kategorie van publikasie: Watter afdelings (genres) het die pers vir die deelnemers oopgegooi?

	Brieve	Nuus-berigte	Kommunen-taar/Rubriek	Hoofartikels/re-daksionele	Artikels	Totaal
Beeld	73%	4%	9%	3%	11%	100%
Die Burger	72%	7%	16%	1%	4%	100%
Die Volksblad	69%	12%	14%	0%	5%	100%

8. GEVOLGTREKKINGS

Hier is duidelike sprake van "onverbloemde woede en aggressie" in hierdie diskfers, wat aangevuur is deur Louw se direkte brief vol emosies en kragwoorde. De Klerk sê in sy boek: "Afrikaners het 'n teruggetrokke aard. Skamerig. Lomperig in kommunikasie, met min woorde en min lag. Ongesellig en stroef in die omgang. Maar as ons die kat uit die boom gekyk het en ontdooi, word ons maklik mense van ooraksentuering, rammetjie-uitnek, lawaaierig en bombasties. Maar konfrontasie kan onverwags toeslaan in destruktiewe twis. Afrikaners kan aggressie, verontregting en agterdog koester. Ons sien oral komplottte en sameswerings. Ons mense word maklik seergemaak. Daarom is daar dikwels kwessies wat pla en beswaardhede wat opbou. En ons vergewe nie maklik nie" (De Klerk 2000:68). Hiervan getuig die inhoud van hierdie persdiskfers weliswaar.

Katarsis word deur die woordeboek (HAT) as volg omskryf: "Reinigung, loutering bv. deur ontlading van gevoel in 'n drama". Prochaska en Norcross (1999:14) skryf as volg: "Catharsis has one of the longest traditions as a process of therapeutic change. It is well established that the ancient Greeks believed that evoking emotions was one of the best means of providing personal relief and behavioural improvement. Historically, catharsis has been based on a hydraulic model of emotions, in which unacceptable affects, such as anger, guilt, or anxiety, are blocked from direct expression. In a different analogy, the patient with blocked emotions is seen as emotionally constipated. What these patients need to release the stress on their psyches is a good emotional bowel movement ... a psychological enema that allows patients to purge their emotions and be free from fighting such feelings." Was dit waaragter Chris Louw per sé was - 'n stuk genesing en heling? Om van die "monsters en die gif ontslae te raak" en vry te kom? Talle skrywers het hom bedank en geloof dat hy die lug skoon gemaak het; dat mense weer kan aangaan met hul lewens danksy die reinigende krag van sy skrywe.

Die blatante gebruik van vloek- en kragwoorde in die pers "as markplein vir die uitruil van emosies en gedagtes" is dalk tekenend van groter volwassenheid en bemagtiging binne die Afrikanerlaer. "Calvinisme was (is?) 'n slagaar van Afrikaners se lewensbeskouing. Maar om Calvinisme as weegskaal te gebruik vir Afrikanerskap is om verkeerde gewigte te gebruik. Dit is egter voorskryflik, dwingend, onbehoorlik en 'n drogredensie om nie-Calviniste, ook nie-Christene, te diskwalifiseer as fundamentaliste wat nasionale identiteit en bewussyn vermeng met 'n spesifieke godsdienstige oortuiging." (De Klerk, 2000.)

Hier is ook duidelike sprake van "volkspuberteit" en "depressie". "Depressie, in die kliniese sin van die woord, kom baie algemeen onder Afrikaners voor. Sielkundiges sal dit bevestig. In die meer algemene sin is Afrikaners donkerkyk. Dié pessimistiese onderstroom is dalk veroorsaak deur die baie bedreigings wat die Afrikanergeskiedenis kan kenmerk. Die huidige vlaag van Afrikanerdepressie hou waarskynlik verband met nostalgie en die wete van verlies" (De Klerk 2000:46-9).

9. OPLOSSINGS EN VOORUITSIGTE?

Daar is talle konstruktiewe gedagtes in die dokumentasie en vele voorstelle is uit die persdebat gebore:

- Toon simpatie en begrip vir Boetman se groep.
- Laat die gesprek in hemelsnaam net voortgaan - moenie dit stop nie!
- Die Chris Louw- en **Beeld**-beweging moet momentum kry.
- Die mense was so wroeg en ly, se "binnebrand moet skoonbrand en klaarbrand".
- Bely al die skuldgevoelens.
- Die kerk en kultuur moet hierdie geslag se woede hoor en help, eerder as kritiseer en hulle alleen laat.
- Die "wonde van die apartheidjare moet brutal verwoord" word, en die Afrikanergelaat moet gestroop word van alle skynheiligeid en valsheid.
- Afrika produseer wanhoop - daarom emigreer mense. Dit is dus nodig dat hoop nou geproduseer word (maar hoe?).
- Die regering se louheid oor minderheidsregte moet daadkragtig en konfronterend aangespreek word (**Beeld**). 'n Lewendige beeld is gebruik om die toestand te beskryf: "Die Regering skuif stoele rond op die dek van die sinkende Titanic"!
- Rina Venter se "politieke volwassenheid" beteken gedeelde waardes - soos demokrasie, nie-rassigheid en 'n vryemark-ekonomiese - waardeur Afrikaans ook geakkommodeer kan word.

Uiteindelik is Jan Alleman se besef van die waarde van 'n demokratiese en vrye pers na afloop van die intense debat die bemoedigendste. Hulle is besig om noodwendig as sogenaarde minderheidsgroep nou volgens "meriete" vir alles mee te ding en te kompeteer, en sodende moet die Afrikaner meer bemagtig raak. Hulle besef dat uitgesproke en eerlike diskouers en kritiek die fondament van 'n gesonde samelewning is en dat juis dít een van die belangrikste aspekte is waarin die vorige regering gefaal het. Hulle besef ook dat die waarde van die pers veel meer is en behoort te wees as blate inligting en vermaak - diskouers is per slot van rekening 'n kritieke funksie van die media in enige gemeenskap en populêre kultuur.

Dat lesers meer van hierdie forum vir dergelike Boetman-sake wil hê om gedagtes en standpunte rond te gooi en uit te ruil, is baie duidelik. Die skrywers en lesers het gedink en gevoel dat dié persdebat die "pynlike sweer" en "rou senuwees" oopgeruk het; dat die "damwal van standpunte gebars het" en dat al die reaksie op Chris se brief 'n "openbaring" was.

Van Wyk Louw - interessant genoeg ook 'n Louw? - het die volgende reeds in 1939 geskryf: "Opstand is net so noodsaklik in 'n volk as getrouwheid. Dit is nie eens gevaarlik dat 'n rebellie misluk nie; wat gevaarlik is, is dat 'n hele geslag sonder protes sal verbygaan. Kritiek is 'n nasie se gewete. Hierdie groot kritiek is die veroordeling van 'n mens self in die sondes van jou volk, dit is boetedoening en 'n reiniging ... Ons moet 'n volkskritiek kry wat deel van die volk se groeikrag is ... Ons is ryp en oorryst vir 'n groot volkskritiek in hierdie gees" (1939).

Seker die heel belangrikste en waardevolste is dat die debat en gesprek het nou eers begin het. Iemand, iewers, sal die inisiatief moet neem om al die energie, vitaliteit, momentum, dinamika en kreatiwiteit van hierdie gebeure te kanaliseer en positief aan te wend. "Die geroei en gestoei in Afrikaner- - en breër verband Afrikaanssprekende geledere - moet voortgesit word" (**Die Volksblad**). Boetman en sy gevolg wag op die "kaptein van Afrikanerwees".

BRONNELYS

- Andrews James 1983. **The practice of rhetorical criticism.** Macmillan Publishing Co.: New York.
- Berg Bruce L 1989. **Qualitative research methods for the social sciences (2nd edition).** Allyn & Bacon: Boston.
- Cassell C & Symon G 1994. **Qualitative methods in organizational research. A practical guide.** Sage Publications: Londen.
- De Klerk Willem 2000. **Afrikaners: Kroes, kras, kordaat.** Human & Rousseau: Kaapstad, Pretoria en Johannesburg.
- Fiske John 1982. **Introduction to communication studies.** Methuen: Londen and New York.
- Gordon George N 1975. **Communications and media. Constructing a cross-discipline.** Hastings House: New York.
- Holsti OR 1969. **Content analysis for the social sciences and humanities.** Addison-Wesley: Reading, Massachusetts.
- Krippendorff Klaus 1980. **Content analysis. An introduction to its methodology. The Sage Commtext Series.** Sage Publications: Beverly Hills.
- Lambley Peter 1995. **The Middle-Aged rebel. Embracing the challenge of mid-life.** Element Publishers: Great Britain.
- Louw NP v W 1939. **Lojale Verset.** Tafelberg, Kaapstad.
- Maykut P and Morehouse R 1994. **Beginning qualitative research. A philosophic and practical guide.** The Falmer Press: Londen.
- Naspersgiewe: <http://www.24.com> (**Beeld, Die Burger en Die Volksblad**).
- Odendal FF, Schoonees PC, Swanepoel CJ, Du Toit SJ en Booyens CM 1984. **Verklarende Woordeboek van die Afrikaanse taal.** Perskor: Johannesburg en Kaapstad.
- Oosthuizen L 1995. **Communication studies: Journalism and broadcasting.**

- Prochaska JO, Norcross JC 1999. **Systems of psychotherapy. A transtheoretical analysis** (4th edition). Brooks/Cole Publishing Co: California.
- Siebert FS, Petersen T & Schramm W 1974. **Four theories of the press**. University of Illinois Press Urbana: Illinois.
- Wimmer RD, Dominick JR 2000. **Mass Media Research. An introduction**. Wadsworth Publishing Co: Belmont.